

'Vakansiebrief' – dekonstruksie van 'n dekonstruksie-/dekonstruktiewe lesing

la van Zyl

Opsomming

Die artikel lewer kommentaar op 'n bydrae deur Hein Viljoen, getitel "'Vakansiebrief' – 'n dekonstruksie-/dekonstruktiewe lesing' (TLW 1(4)). Daar word aangevoer dat Viljoen sy uitgangspunt ondermyn deur uit te gaan van sy eie sluitende interpretasie van die gedig. Volgens Viljoen lê dit juis in die aard van die dekonstruktiewe lesing van 'n gedig dat tot geen sluitende interpretasie gekom kan word nie. Daar word d.m.v. twee moontlike seemanalises tot 'n interpretasie van die gedig gekom wat lynreg verskil van die interpretasie wat die basis vorm van Viljoen se dekonstruktiewe lesing. Viljoen se opvatting dat die uitwys van 'Derridaanse' temas in 'n gedig neerkom op 'n dekonstruktiewe lesing daarvan, word in twyfel getrek. Daar word aangevoer dat so 'n ontleding eerder by die metodes van die Strukturalisme aansluit. Die vraag word ten slotte gevra of die dekonstruksie, wat tot dergelike interpretatiewe eksesse kan aanleiding gee, enige waarde vir die letterkundige analise het.

Summary

The article comments on an article by Hein Viljoen, "'Vakansiebrief' – 'n dekonstruksie-/dekonstruktiewe lesing' (JLS 1(4)). It argues that Viljoen, having postulated that it is in the nature of deconstructive reading that a poem can have no definitive meaning, undermines his own approach by adopting a fixed meaning for 'Vakansiebrief'. Using two possible seme-analyses, the article offers an interpretation of the poem which differs radically from that which forms the basis of Viljoen's 'Deconstructive' reading. It continues to examine Viljoen's assumption that identifying 'Derridean' themes in a poem is to be equated with a deconstructive reading. Such an approach, it is suggested, is more typical of Structuralism. In conclusion the question is raised whether a method that can lead to such far-fetched interpretation has any real value for literary analysis.

(0) Vakansiebrief

- (1) Voor my in 'n mispel kras
- (2) drie kraaie; my dae verdwyn
- (3) in stiltes soos kwartels in lang gras.
- (4) Vanoggend toe ek erdwurms soek,
- (5) raak ek oor 'n fossiel verstrooid
- (6) soos oor 'n bladsy uit 'n muf dagboek.
- (7) 'n Ou meid lê langs haar skerm, die wange
- (8) weggesak, haar oë reën en sand
- (9) in holtes van 'n maalklip opgevang.
- (10) Die berg se donker lies, vars spore
- (11) van die likkewaan en kuttels van 'n bok
- (12) roer iets in my van lank tevore;
- (13) maar die tarentaal sit stom
- (14) op haar nes vol eiers – my hart broei
- (15) oor die stad: glas, sink, beton.

In sy artikel getitel “‘Vakansiebrief’ – ’n dekonstruksie-/dekonstruktiewe lesing’, in *Tydskrif vir Literatuurwetenskap* (1(4)) weerspreek – of, dekonstruktief gestel – ondermyn Hein Viljoen sy eie uitgangspunt dat die dekonstruksie ’n kritiek is op die Strukturalisme, wat – volgens hom – altyd ’n versweë doel het, nl. die vind van strukture of patrone. In sy eie ontleding dwing Viljoen Opperman se gedig m.i. in die keurslyf van sy eie patroon in. En, in teenstelling met die dekonstruksie se uitgangspunt dat geen sluitende interpretasie van tekste moontlik is nie, kom hy in sy ‘dekonstruktiewe’ lesing (wat ek voortaan met die gebruik van aanhalingstekens as allesbehalwe dekonstruktief wil aandui) tot ’n – soos hy meen – behoorlik sluitende interpretasie.

Ek wil in hierdie artikel probeer aantoon hoe Hein Viljoen se ‘dekonstruktiewe’ lesing van die gedig sigself dekonstrueer. Daarna sal ek d.m.v. seemanalises probeer aantoon hoe ’n m.i. wetenskaplik verantwoordbare lesing van die gedig bots met Viljoen se lesing daarvan.

Ek wil my bewering hierbo vervolgens probeer toelig. Viljoen wys tereg op die sisteemtransenderende aard van die dekonstruksie: ‘... dekonstruksie ... (wil) juis die ‘sisteem’ transendeer, heeltemal buite die kategorieë van enige sisteem ... tree’ (Viljoen, 1986:53). Sy volgende stelling kom egter m.i. neer op oorvereenvoudiging. Hy verwys naamlik na Culler (1975: 244 en 246) om aan te dui dat die Strukturalisme beperkend inwerk op die ‘spel van signifikasie’ (Viljoen, *loc. cit.*). Hy beweer verder dat die ondersoeker wat binne die raamwerk van die Strukturalisme werk, sekere patrone/strukture raaksien waardeur ’n bepaalde fokalisasie daargestel word wat ’n beperkende sentrum van interpretasie skep. Volgens die Derridiaanse metode, beweer Viljoen, kry die leser deel aan die kreatiewe proses deur die uitskakeling van sodanige sentrum, wat neerkom op ’n ‘beswering van “infinite regress by the pleasure of infinite creation”’ (Viljoen:54 verwys hier foutiewelik na Culler 1975:246; hierdie frase kom voor in Culler 1975:248).

Hy laat egter na om by te voeg dat Culler hierdie hele uitgangspunt in twyfel trek deur te wys op die praktiese problem van so ’n anti-Strukturalistiese benadering: ‘The analysis of cultural phenomena must always take place in some context, and at any one time the production of meaning in a culture is governed by conventions’ (Culler 1975:249). Hierdie ‘conventions’ verwys na bepaalde konteksgebonde patrone/sisteme wat nie ontken kan word nie. Culler (1975:252) wys verder daarop dat daar ’n grondliggende verskil is tussen ‘the production of meaning and arbitrary assignment of meaning, between plausible development and random association’, en hy kom tot hierdie gevoltrekking: ‘... any attack on structuralist poetics based on the claim that it cannot grasp the varied modes of signification of literature will itself fail to provide a coherent alternative.’

Afgesien van die feit dat Viljoen dus buite konteks aanhaal, is sy definisie, aan die hand van Derrida (1977:1985), baie kripties. Ten einde te probeer bewys dat hy in sy gediganalise anti-dekonstruktief eerder as dekonstruktief optree wil ek my graag op enkele ander definisies en omskrywings van wat die dekonstruksie-metode behels, beroep.

Ohlhoff (in Cloete, Botha en Malan, 1985:60–61) gee die volgende verdui-

deliking van wat dekonstruksie behels: 'Dekonstruksie wat hoofsaaklik met die Post-Strukturalisme vereenselwig word, is 'n omstrede moderne filosofie en literatuurteoretiese rigting met sy wortels in Nietzsche, Heidegger en ander se aanvalle op die heersende metafisika en hulle ontkenning van die moontlikheid om die waarheid te ontdek. Die kritici, onder wie veral Jacques Derrida 'n leidinggewende rol speel, vorm nie 'n eenheid, 'n skool nie, maar daar is tog die gemeenskaplike gedagte dat tekste "ontwykend" van aard is, nie 'n sentrum van betekenis het nie en dat elke lesing van 'n teks feilbaar en beperk is . . . Die beperkinge, die ordeningstrategieë wat 'n skrywer op taal toepas, slaag nooit volkome nie en daarom is daar altyd tekselemente wat nie in die teksstelsel pas nie en dus die stellingname of uitgangspunte van hul eie teks *ondermyn*. Die teks "dekonstrueer" homself dus en dié proses moet deur die kritikus blootgelê word . . .'

Johnson (1980:4) definieer soos volg: ' . . . a text's difference is not its uniqueness, its special identity. It is the text's way of differing from itself . . . it is that which subverts the very idea of identity, infinitely deferring the possibility of adding up the sum of a text's parts or meanings and reaching a totalized, integrated whole.' Dit impliseer dat adekwate teksinterpretasies onmoontlik is omdat die teks geen interpreteerbare identiteit besit nie.

Johnson (1980:5) wys ook op die ooreenkoms van dekonstruksie met tradisionele analise: '*Deconstruction* is not synonymous with *destruction* . . . It is in fact much closer to the original meaning of the word *analysis*, which etymologically means "to undo" – a virtual synonym for "to de-construct." The de-construction of a text does not proceed by random doubt or arbitrary subversion, but by the *careful teasing out* of warring forces of signification within the text itself' (my kursivering – I.v.Z.).

Deur te verwys na Barthes se lesing van Balzac se 'Sarrasine' (in *S/Z*) onthul Johnson die slaggtat waarin alle dekonstruktiewe lesings beland. Sy dui nl. aan hoe sulke lesings hulleself ondermyn deurdat hulle, met die toekenning van hul eie interpretasie as uitgangspunt van 'n dekonstruksielesing, juis dit doen wat hulle probeer ontken – hulle ken naamlik 'n identiteit aan die teks toe, 'n patroon, 'n bepaalde beperkende fokalisasie, en ondermyn so hul eie uitgangspunt dat tekste geen identiteit besit nie, dat die naspeur van patrone 'n onaanvaarbare, strukturalistiese metode is. Johnson (1980:12) stel dit so: ' . . . we could perhaps conclude that . . . the literary text (sy verwys na "Sarrasine" – I.v.Z.) conveys a difference from itself which it "knows" but cannot say, while the critical text (sy verwys na *S/Z* – I.v.Z.) in attempting to say the difference, reduces it to identity.'

Sy kom tot hierdie gevolgtrekking nadat sy aangetoon het dat Balzac se teks reeds bewus is van die beperkinge van die sg. 'readerly' beperkinge wat in Sarrasine as persoonasie gepersonifieer word. Balzac het dus reeds gedoen wat Barthes met sy kritiese lesing probeer doen. Balzac het sy eie teks reeds *doelbewus* gedekonstrueer. Deur sy lesing, toon Johnson aan, ken Barthes 'n sentrum van betekenis aan die teks toe wat beperkend op die teks inwerk. Deur die oop plekke wat Balzac doelbewus in die teks gelaat het omdat hy nie die betekenis daarvan wou beperk nie, in te vul en 'n bepaalde tema aan die teks toe te ken, verskraal Barthes dus die moontlikhede van betekenisgewing

(‘signification’) in die teks. Johnson (1980:11) sê: ‘... what Barthes does in his reading is ... (to fill) in the textual gaps with a name. He erects castration into *the* meaning of the text, its ultimate signified ... the final revelation in the “hermeneutic” code.’

Dit is waarskynlik dieselfde slagkat waarin Viljoen met sy ‘dekonstruktiewe’ lesing van Opperman se gedig ‘Vakansiebrief’ beland. Deur bepaalde Derridiaanse temas, dus patrone, te verhef tot ’n bepaalde fokalisasie waardeer ’n beperkende sentrum van interpretasie geskep word, word Viljoen nie alleen verlei tot ’n m.i. vergesogte proses van inlees (‘hineininterpretieren’) nie, maar dekonstrueer hy sy eie uitgangspunt. Die feit dat dit *Derridiaanse* temas is wat in die gedig gevind word en wat tot Viljoen se sluitende interpretasie lei, beteken nog nie dat hy ’n dekonstruktiewe lesing gegee het nie.

Ek will graag my stelling staaf met aanhalings uit sy derde lesing. Hy verwys na die stom sit van die tarentaal as ’n diskursiewe beeld, ‘’n geliefde *tema* van Derrida’ (Viljoen 1986:59) – met die implikasie dat die diskursiewe beeld ook *tema* van Opperman se gedig is. Uitgaande van die ooreenkoms tussen *fossiel* en *dagboek* deurdat albei ‘gelees kan word, kom Viljoen (*loc. cit.*) tot die gevolgtrekking: ‘Hier het ons by ’n belangrike *Derridiaanse* tema uitgekóm: die skrif’. Hieruit lei hy ‘’n ander patroon’ in die gedig af: ‘’n teenstelling tussen dit wat leesbaar is en dit wat nie is nie, tussen dit wat skryf, tekens, merke, spore laat, en dit wat dit nie laat nie’ (*loc. cit.*). Hy postuleer die opposisie leesbaar: nie leesbaar nie as die sentrum van betekenis van die teks. Hy doen ’n semiotiese analise en gaan dus volkome strukturalisties te werk. Van die signifikante (*signifiants*) *stom fossiel* en *dagboek* lei hy volgens die strukturalistiese semiotiese model van o.m. Greimas die signifikaat (*signifié*) ‘voorwerp wat gelees kan word’ af. Dit identifiseer hy (*loc. cit.*) as ‘nog ’n belangrike Derridianse tema: die spoor, merk, inskripsie, *trace* (wat in Frans nog veel meer beteken: “litteken”, “trauma”, “groef” (in die sin van in iemand se voetspore volg), ook “indruk”, “impressie”’).

Viljoen ondervind moeite om die gedig in sý patroon in te dwing. Hy meen dat die spreker hom in strofe 2 van die erdwurms afkeer, ‘waarskynlik omdat hulle nie leesbaar is soos die fossiel nie, nie tekens vertoon nie’. ’n Mens wonder waarop hy die stelling grond dat erdwurms in hul gang deur die grond geen tekens laat nie. Hy weerspreek sy eie interpretasie verder wanneer hy beweer dat ‘die iets van lank tevore’ van strofe 4 ‘skynbaar nie leesbaar is nie’. As die ‘fossiel’ en die ‘muf dagboek’ as ‘leesbaar’ geïnterpreteer word, moet die ‘iets van lank tevore’ tog seker op dieselfde manier geïnterpreteer word? Viljoen besef hierdie probleem waarskynlik met sy vraag: ‘Of sou dit te vergesog wees om in die woord *roer* ook ’n metafoor te sien vir die maak van ’n inskripsie, ’n merk, m.a.w. ook ’n skrifbeeld? *Roer* is tog letterlik “om aan te raak” en *roer in my iets* tot “iets in my aanraak”, “’n indruk op my maak”?’ (*loc. cit.*). Hierop sou ek wou antwoord: dit is geen vergesogte interpretasie nie, maar die voor-die-hand-liggende, en dit bring vir Viljoen die dilemma mee dat sowel die dinge van lank gelede – die afwesige dinge – as die dinge van die hede – die teenwoordige dinge – as leesbaar geïnterpreteer moet word.

Viljoen keer dan terug na strofe 1. Hier, meen hy, is die teenstelling veel

duideliker. Hy stel *my dae* as die nie-leesbare, teenoor die *kraaie* wat *kras* en wat dus 'n merk laat. Sy afleiding dat die woord *kras* oorspronklik beteken 'om 'n merk te maak, 'n skerp, puntige voorwerp oor 'n ander te beweeg en sodoende merke agter te laat', en dat die kraaie die geluid naboots wat so 'n krasbeweging maak, lyk my, om die minste daarvan te sê, vergesog en na 'n dominantstelling van seme wat in die konteks van die gedig nie dominant gestel behoort te word nie. 'n Mens sou verder kon beweer dat die kraaie ook gaan wegvlieg en dus geen merk gaan laat nie. Hoe pas dit dan in die patroon van leesbaar: nie-leesbaar nie?

Om strofe 3 in die patroon in te dwing, veroorsaak nog meer probleme. Ten opsigte van sy eie eerste poging in hierdie verband, kom Viljoen self tot die slotsom: 'Dit klink nie baie oortuigend nie' (*Loc. cit.*).

Maar Viljoen gaan nog verder. Hy vind in die maalklip 'n 'ander kandidaat vir die leesbare' (*Loc. cit.*). Uit hierdie formulering lyk dit my duidelik dat die teks self nie as uitgangspunt gebruik word, soos dit in die semiotiese analise gedoen behoort te word nie, maar dat dit eerder gaan om 'n naartogende soek na moontlike kandidate om in te pas in die gepostuleerde patroon wat die leser op die gedig wil afdwing. Die *ou meid* word, aldus Viljoen, 'leesbaar' deur die metaforiese gelykstelling van haar gesig met 'n maalklip wat deur menslike gebruik 'verslete, gemerk geraak het' (*Loc. cit.*). Hierdie lesing lyk my weer eens na 'n vergesogte voorbeeld van inlees.

In strofe 5 interpreteer Viljoen die beeld 'die tarentaal sit *stom*' as sou die tarentaal nie kan lees nie, niks uit haar eiers kan aflei nie, dus niks het om te sê nie (*Loc. cit.*). 'n Mens sou m.i. met meer reg kon interpreteer dat die tarentaal dit onnodig vind om iets te sê, juis omdat sy die boek van die natuur so goed kan lees: Sy weet intuitief dat haar eiers, volgens die wette van die natuur, gaan uitbroei, en sy vind dit dus onnodig om die saak te beredeneer. Sy is dus volkome selfgenoegsaam, teenwoordig aan haarself. Sy is dus 'n anti-Derridaanse tarentaal. (Ek sal later in hierdie artikel d.m.v. 'n seemanalise probeer aantoon dat hierdie lesing van my nie op leserwillekeur gegrond is nie, maar op die aanwysings van die teks self.)

Die hart in strofe 5 interpreteer Viljoen (*Loc. cit.*) as iets/iemand 'vir wie onleesbare, oninterpreteerbare dinge, wel leesbaar geword het. Die onleesbare dinge is in die stad: glas, sink, beton, en hulle word leesbaar'. Hy maak dit nie duidelik waarop hy 1g., m.i. nie-adekwate, interpretasie grond nie – waarskynlik op die eweneens nie-adekwate lesing van Grové (1974:292–296), waarin die broeiende hart van die spreker in die gedig gelykgestel word met die skeppingsvermoë van die digter, d.w.s. met die vermoë om lewe uit die dooie dinge van die stad: glas, sink, beton voort te bring. Dié interpretasie is, m.i. foutiewelik, gegrond op die lesing dat die spreker verlangend uitsien na sy terugkeer na die stad (iets wat, afgesien van enigiets anders, intertekstueel bots met Opperman se siening van die stad as nie-kreatief – vgl. Cloete (in Grové, 1974:28) se interpretasie van Opperman se siening van die stad as 'mislukte skepping').

Dit lyk dus of Viljoen hier – weer eens volkome anti-dekonstruktief – intertekstualiteit heeltemal buite rekening laat by sy lesing van 'Vakansiebrief'.

Hy gaan op hierdie spoor voort. Hy postuleer vervolgens dat daar in die gedig iets eenaardigs aan die gang is deurdat dit wil voorkom of die gedig *praat* aan *skryf* ondergeskik stel deurdat daar 'konsekwent in die gedig die dinge hier en nou, die teenwoordige dinge, genegeer (word) ten gunste van die leesbare . . . die dinge wat afwesig is in die gedig . . .' (– p. 61). Hy gebruik hierdie nie-adekwate interpretasie, wat ek later in hierdie artikel d.m.v. 'n seemanalise sal probeer opponeer, om te suggereer dat die gedig homself dekonstrueer in die sin dat dit van Derridiaanse temas gebruik maak, maar dan hierdie temas weerspreek. Viljoen het dus eers sy eie sluitende interpretasie op die gedig afgedwing en toe vanuit hierdie beperkende fokalisering probeer aantoon dat die gedig homself dekonstrueer. Hy gaan dus eers anti-dekonstruktief, ofte wel strukturalisties te werk, om dan by 'n 'dekonstruktiewe' lesing te probeer uitkom. Die voorgenoemde 'dekonstruktiewe' lesing misluk dus om twee redes: eerstens is dit gegrond op 'n strukturalisties, d.w.s. 'n anti-dekonstruktiewe werkwyse, en tweedens kan die strukturalistiese lesing van die gedig met 'n alternatiewe strukturalistiese lesing as nie-adekwaat uitgewys word.

Viljoen probeer vervolgens aantoon dat die gedig ook in 'n ander opsig self-dekonstruktief van aard is. Hier beroep hy hom op Derrida se hantering van die begrippe *presence* en *absence*. Hy konstateer dat teenwoordigheid (*presence*) te doen het met teenwoordigheid aan die self. Hy gaan dan voort om aan te toon dat die gedig homself 'dekonstrueer' in die sin dat dit anti-Derridiaanse te werk gaan deurdat die spreker in die gedig steeds 'aan homself afwesig is' (p. 62).

Hier is weer 'n dubbele mistasting. Derrida ontken naamlik deurgaans die moontlikheid van teenwoordigheid ten gunste van afwesigheid. In hierdie opsig sou die gedig dan, as Viljoen se interpretasie daarvan adekwaat is, heeltemal pro-Derridiaanse wees. Die probleem lê egter ook by Viljoen se interpretasie. Hy beweer nl. dat die spreker deurgaans aan homself afwesig is, op grond van die feit dat sy dae in stiltes verdwyn, dat hy verstrooid raak oor 'n fossiel, dat hy iets ervaar van wat lankal verby is (vgl. p. 62). 'n Strukturele analise dui egter daarop dat die spreker tydens sy verblyf op die platteland juis ten volle teenwoordig is aan homself, teenwoordig in die sin dat die dinge van die hede telkens geïntegreer word met dinge van die verlede, en dat daar sodoende 'n volkome sluitende sintese tussen hede en verlede tot stand kom. Die verlede lei hier nie weg van die hede nie, maar die hede lei na die verlede *om daarby aan te sluit*. In die terminologie van Viljoen: die spreker is tydens sy vakansie op die platteland steeds aan homself teenwoordig omdat hede en verlede gedurende dié tyd ten volle in hom geïntegreer is. Die spreker se dae verdwyn waarskynlik in stiltes soos kwartels in lang gras om die ooreenkoms van die spreker se dae met die lewende natuurdinge – hier die kwartels – te suggereer. Dit is dus 'n rustige, lewende stilte, geensins 'n stilte wat dood of afwesigheid suggereer nie. Net so sou die verstrooid raak oor 'n fossiel geïnterpreteer kon word as 'n so intensiewe besig wees met die 'lees' van die tekens van vroeër lewe (wat in die fossiel *behoue* gebly het) dat die spreker se aandag momenteel afgelei is van die soeke na lewende erdwurms. Sy aandag is dus verstrooi, nie ten opsigte van

die fossiel nie, soos Viljoen suggereer, maar teen opsigte van die erdwurms. *Verstrooi* beteken juis so intensief besig wees met iets, so aan sigself *teenwoordig* wees, dat ander dinge vir die oomblik opsygeskuif word. Om iets te ervaar van wat lankal verby is, beteken ook nie noodwendig om afwesig te wees uit die hede nie, maar om, deur iets in die hede, so nou betrokke te raak by iets in die verlede dat hede en verlede as 't ware saamgevoeg word in 'n durende *teenwoordigheid*.

Ook die *ou meid*, sê Viljoen (p. 62), is as spieëlbeeld van die ek 'aan haarself afwesig, besig om te verander in materie, maalklip te word. 'n Mens sou egter ook kon interpreteer dat die *ou meid*, deur die ooreenkoms wat sy toon met die lewende natuurdinge – 'haar oë reën en sand' – ten volle teenwoordig is as deel van die skepping. Dit sou ook intertekstueel rym met Opperman se siening van God as teenwoordig in elke deel van die skepping – ook in reën en sand. Die *ou meid* is dus besig om deel te word van die Ewige *Teenwoordigheid* – God in die skepping.

Van die slotreëls van die gedig gee Viljoen 'n ewe eienaardige interpretasie. Hy meen naamlik dat die broei van die hart oor die dinge van die stad dui op 'n 'gebrek aan teenwoordigheid aan die self, 'n intensief besig wees met iets afwesigs' (Viljoen: 62). Om te broei oor iets kan egter m.i. met meer reg geïnterpreteer word as so intensief besig wees met dink aan iets dat 'n mens ten volle *aan jouself* teenwoordig is (vgl. Schoonees e.a., 1970:531 se definisie van *broei* as *met inspanning uitdink*). Dat die spreker se hart hier broei oor die afwesige dinge van die stad, dui m.i. daarop dat hierdie dinge nie meer as afwesig gevoel word nie, maar deel word van die teenwoordige.

Viljoen meen verder dat (*m*)y *hart broei oor die stad* nie verniet sintakties parallel is aan *ek raak verstrooid oor 'n fossiel* nie. Albei sou dus op 'n afwesigheid dui. 'Albei is leesbaar en as sodanig afwesig, die resultaat van skryf' (Viljoen: 62). Hieruit konkludeer hy dan dat die gedig self 'die gewone opposisies' dekonstrueer en die dood bo die lewe stel, die onvrugbare bo die vrugbare. Ek het reeds aangedui dat albei bogenoemde reëls m.i. eerder op 'n teenwoordigheid dui. Verder dui 'n seemanalise (vgl. hieronder) daarop dat die lewe juis bo die dood gestel word, die vrugbare bo die onvrugbare. Die gewone oposisies word dus nie gedekonstrueer nie, maar deeglik in stand gehou. Viljoen se interpretasie berus m.i. op 'n nie-adekwate interpretasie van die woord *maar* in die laaste strofe. Hy beweer dan ook: 'Die *maar*, hoewel teenstellend, hoef nie op die hele gedig betrek te word nie' (*Loc. cit.*). Ek meen dat 'n adekwate ontleding van die gedig juis daarop dui dat die *maar* wel deeglik op die hele gedig betrek moet word en dat hierdie *maar* juis, deur teenstelling, die lewe bo die dood stel, die natuur bo die stad, die vrugbare bo die onvrugbare.

Die spreker se waarnemings in die eerste vier strofes dui juis op 'n intense vereenselwiging met die lewende dinge van die natuur, dinge wat hom terselfdertyd lei tot 'n preokkupasie met die dinge wat in die verlede in die natuur geleef het, met lewe en vrugbaarheid dus as 'n durende teenwoordigheid in die natuur – selfs die vervalde *ou meid* word weer lewende natuur: reën en sand – waaruit lewe weer soos voedsel uit die maalklip te voorskyn kan kom.

Sy waarnemings in hierdie vier strofes kontrasteer egter met sy waarneming

van die tarentaal in die laaste strofe. Wanneer hy naamlik na die broeiende tarentaal kyk, wat ten volle selfgenoegsaam (dus *stom*) op die potensieële lewe onder haar sit, word hy nie, soos die vorige kere, weggevoer na gedagtes van lewe en vrugbaarheid nie, maar hy word bewus van 'n kontras. Sý hart broei oor die dooie, onvrugbare dinge van die stad: glas, sink, beton, omdat hy weet dat hy onvermydelik na hierdie steriele bestaan moet terugkeer. Hy verlang dus nie na die stad, soos Grové en Viljoen suggereer nie. Inteendeel; hy wys dit af. Hy sien dit as 'n skrilte kontras met die lewende teenwoordigheid van die natuurdinge – sowel teenwoordige as afwesige – in die eerste vier strofes. Die tarentaal vorm geen parallel met die hart nie. Die tarentaal vorm wel die apoteose van die selfgenoegsame vrugbaarheid van die natuurdinge. Die *maar* dui egter aan dat die spreker se gedagtes nie nou, soos by die waarneming van die natuurdinge in die vorige vier strofes, na lewe, vrugbaarheid, gelei word nie, maar hy sien nou opeens die kontras raak tussen hierdie dinge, wat durend deel van die vrugbare natuur vorm, en homself, wat waarskynlik binnekort? – na die stad moet terugkeer.

Maar selfs al sou Viljoen se interpretasie van die gedig aanvaarbaar wees – wat dit m.i. *nie* is nie – dekonstrueer hy nogtans sy eie poging tot 'n 'dekonstruktiewe' lesing met die volgende opmerking: 'Uit die voorgaande wil dit lyk of die digter *met 'n kunsgreep en met 'n beroep op die leser se optimisme* (met 'n metafoor en met die suggestie van 'n wending wat nie 'n wending is nie) die onleesbare, die onvrugbare, die lewelose in hulle teendeel verander het' (Viljoen: 63). Dit sou beteken dat die digter doelbewus dekonstruktief te werk gegaan het deur bestaande opposisies op te hef. Dekonstruksie word dus die tema van die gedig, en Viljoen se sg. 'dekonstruktiewe' lesing kom neer op 'n strukturalistiese analise waardeur dekonstruksie as *bewuste* tema in die gedig aangedui word. Die leser wys dus nie op 'n ondermyning waarvan die teks (digter) nie bewus is, soos dit in werklik dekonstruktiewe lesings die geval is nie.

Sy stelling dat die gedig '(b)inne die diskursiewe ruimte van die Afrikaanse poësie (neerkom) op 'n afwysing van die "boek van die natuur" en 'n vasbeslote wending na die "boek van die stad" toe' (*loc. cit.*), en sodoende bestaande natuurgedigte in die Afrikaanse poësie 'onsêbaar' maak, het, soos ek reeds aangetoon het, geen bestaansreg nie op grond van die feit dat 'n opponerende interpretasie van die gedig waarskynlik meer adekwaat is as dié van Viljoen.

Ek gee vervolgens twee (anti-dekonstruktiewe) moontlike seemanalises (gegrond op die strukturalistiese model van Greimas), op grond waarvan ek Viljoen se lesing van die gedig afwys. Die feit dat die seemanalises ná die voorafgaande bespreking verskyn, beteken nie dat hulle gedoen is ná die gevolgtrekkings waartoe in die bespreking gekom is nie. Dit sou in stryd wees met die doel van 'n seemanalise, waarvolgens 'n interpretasie gegrond word op 'n wetenskaplike analise van die wyse waarop betekenisaspekte van woorde (seme) deur rekurrensie dominant gestel word.

Selfs seemanalises – wat streng by die woorde van die teks hou en dus op wetenskaplik-bewysbare gronde berus – hoef nie altyd presies eenders te verloop nie. Ek gee dus ook 'n tweede moontlike analise.

<i>Klasseem</i>	<i>Sememe of groepe sememe</i>	<i>Kommentariërende parafrase</i>
[naby die natuur/ lewend/kreatief]	(1) Voor my in 'n mispel kras (2) drie kraaie	Die kraaie wat in 'n mispel kras, verteenwoordig lewende natuurdinge. Drie is 'n volmaakte getal en het dus 'n positiewe konnotasie.
	(2) my dae verdwyn (3) in stiltes soos kwartels in lang gras	Die rustige dae wat die spreker in die natuur deurbring, word vergelyk met die kommervrye bestaan van die lewende natuurdinge.
	(4) Vanoggend toe ek erdwurms soek	Die spreker hou hom besig met lewende natuurdinge.
	(5) raak ek oor 'n fossiel verstrooid	Tydens sy soektog na erdwurms, vind die spreker tekens van vroeër natuurlewe wat behoue gebly het. Dit fassineer hom, waarskynlik omdat dit die blywendheid van die lewende natuur beklemtoon.
	(6) soos oor 'n bladsy uit 'n muf dagboek	Ou dagboeke is eweneens fassinerend omdat hulle 'n vroeër lewe laat herleef.
	(7) 'n Ou meid lê langs haar skerm, die wange	Selfs die vervalle ou meid toon 'n ooreenkoms met die natuurdinge reën en sand. Maalklip laat dink aan lewegewende meel.
	(8) weggesak, haar oë reën en sand	
	(9) in holtes van 'n maalklip opgevang	
	(10) Die berg se donker lies, vars spore	Die berg laat dink aan 'n lewende natuurding, en saam met die spore van werklik lewende natuurdinge laat herleef dit ou herinneringe.
	(11) van die likkewaan en kuttels van 'n bok	
	(12) roer iets in my van lank tevore	

<p>[weg van die natuur/sonder lewe/nie-kreatief]</p>	<p>(13) die tarentaal sit stom (14) op haar nes vol eiers (14) my hart broei (15) oor die stad: glas, sink, beton</p>	<p>Die tarentaal wat rustig op haar eiers sit en broei, is die apoteose van die selfgenoegsame, lewende natuur.</p> <p>Die hart broei oor lewelose dinge wat ver van die natuur verwyder is. Daar word dus gesuggereer dat uit hierdie broeiproses, anders as by die tarentaal, geen lewe sal voortkom nie. Derhalwe ook die woord <i>maar</i>, wat nie op die broeiende tarentaal dui nie, maar op die kontras wat die hart met al die reeds genoemde natuurdinge, insluitend die tarentaal, vorm. Die feit dat die woordjie <i>maar</i> voor <i>die tarentaal</i> staan, sodat dit lyk of die tarentaal deel van die waargenome kontras vorm, word verklaar deur die feit dat ons hier te doen het met 'n geval van sintaktiese verskuiwing en uitbreiding, waarskynlik uit ritmiese oorwegings. Die strofe sou geparafraseer waarskynlik soos volg gelees het: maar, as ek kyk na die tarentaal wat stom op haar nes vol eiers sit, dink ek aan my hart wat broei oor die dinge van die stad: glas, sink, beton.</p>
--	--	---

Hierdie seemanalise dui op die volgende interpretasie: Terwyl die spreker met vakansie op die platteland is, voel hy hom na aan die natuur en aan die lewe wat deel is van die natuur. Selfs dinge wat tot die verlede behoort, sterwende mense en lewelose dinge word in hierdie omgewing tot nuwe lewe gewek. Hierteenoor verteenwoordig die stad, waarheen hy ná sy vakansie (vgl. die titel) moet terugkeer, 'n verwyderdheid van die natuur, 'n gebrek aan kreatiewe lewe.

<i>Klasseem</i>	<i>Sememe of groepe sememe</i>	<i>Kommentariërende parafrase</i>
+ [rustig/ probleemloos]	vakansiebrief my dae verdwyn in stiltes erdwurms soek raak verstrooid 'n ou meid lê langs haar skerm tarentaal sit stom	Al hierdie aktiwiteite dui op die rustige gang van die vakansie-ganger se dae. Dit is duidelik dat dit gaan om 'n vakansie op die platteland.
+ [behorende tot die natuur/ lewend]	in 'n mispel kras drie kraaie kwartels in lang gras erdwurms haar oë reën en sand berg se donker lies vars spore/van die likkewaan en kuttels van 'n bok tarentaal nes vol eiers	Terwyl die spreker met vakansie op die platteland is, maak hy intiem kennis met die lewende dinge van die natuur.
+ [behorende tot die verlede/ hebbende lewe van vroeër]	'n fossiel 'n bladsy uit 'n muf dagboek die wange weggesak roer iets in my van lank tevore	Die klasseem word nie aangedui as -lewend nie, omdat die werkwoorde wat gebruik word, daarop dui dat die genoemde sake steeds 'n invloed op die spreker het – hy 'raak verstrooid' (dus: geïnteresseerd) oor 'n fosiel, <i>soos oor</i> 'n muf dagboek; die ou meid se weggesakte wange is soos 'n maalklip waaruit kos by implikasie voortkom en waarin lewegewende reën en sand <i>opgevang</i> word.
– [lewend]	my hart broei/oor die stad: glas, sink, beton	Uit hiërdie broeiproses kan geen lewe voortkom nie. Dit vorm dus 'n kontras met die broeiproses van die tarentaal.

Hieruit kan tot die volgende interpretasie gekom word: terwyl die spreker met vakansie op die platteland is, voel hy rustig in die aanwesigheid van die lewende natuurdinge. Sy intieme en rustige omgang met hierdie dinge voer hom ook terug tot die versteende en byna versteende lewe van vergane en sterwende dinge. Daar ontstaan 'n band tussen die lewe van hede en verlede. In die aanwesigheid van hierdie durende lewe in die natuur raak die spreker – per kontras – bewus van die steriele stadsbestaan waarheen hy moet terugkeer. Die posisie van die woordjie *maar* in die laaste strofe, word verklaar op dieselfde wyse as in die eerste seemanalise.

Bostaande interpretasies kom in breë trekke ooreen met dié van Kanne-meyer (1979:16), wat leun op S. Strydom (bron nie gepresiseer nie). Kanne-meyer kom tot die gevolgtrekking dat daar 'n kontras kom tussen 'die vrug-bare van die aardse en die steriele van die stadsbestaan'. Geen bevredigende uitleg word egter gegee van die feit dat die tarentaal (wat tog tot die aardse en vrugbare behoort) saam met die hart wat broei oor die stad geklassifiseer word as teenstellend tot die ander natuurdinge nie. Kannemeyer merk in hierdie verband op: 'Teenoor al (die) landelike flitse waaroor die spreker "verstrooid" raak, of wat iets van "lank tevore" in hom "roer", sit die tarentaal dan "stom/op haar nes vol eiers" terwyl sy "hart broei/oor die stad: glas, sink, beton"' (*loc. cit.*). Hierdie fout kom voor omdat Kannemeyer nie die eiesoortige sintaksis ('n kenmerk ook van ander Opperman-gedigte) in berekening bring nie.

'n Mens vra jousef ten slotte af, gesien die interpretatiewe eksesse waartoe die dekonstruksiekritiek Viljoen (e.a.) verlei, of hierdie filosofiese begrip werklik waarde vir die literêre kritiek of ontleding het. Voeg daarby die feit dat talle sg. dekonstruksiekritieke eintlik maar verholde strukturalistiese ontledings is, en die vermoede bly staan: Wat die letterkunde betref, is die dekonstruksie 'n verskietende ster wat geen merk in die letterkundige hemel-ruim gaan laat nie, wat, m.a.w., in Viljoen se terme, "onleesbaar" is. Miskien spruit dit ook uit die feit dat hierdie rigting in wese nihilisties van aard is. Weststeijn (1985:691) karakteriseer wat hy noem die 'deconstructivisme' soos volg: 'het deconstructivisme zegt dat het onmogelijk is de wereld te kennen ... Verder zijn teksten altijd incoherent, vervuld van innerlijke tegenspraak (iets wat de kritiek probeert bloot te leggen). En omdat die voortdurende tegenspraak er is, is er ook geen reden de ene visie of de ene waarde te verkiezen boven de andere. Kiest men toch voor een waarde, bijvoorbeeld hoop op een betere toekomst, dan heeft dat iets pathetisch. Voor een decon-structivist betekent een tekst dus: niets ...'

'n Mens wonder of so 'n teorie enigiets vir die letterkunde te sê het!

Verwysings

- Culler, J. 1975. *Structuralist poetics*. London: Routledge and Kegan Paul.
- Cloete, T.T. 1974. Binomiese poësie in 'Negester oor Ninevé'. In: Grové, A.P. 1974. *D.J. Opperman – dolosgooier van die woord*. Kaapstad: Tafelberg, pp. 27–35.
- Johnson, B. 1980. *The critical difference*. London: John Hopkins University, Press.
- Kannemeyer, J.C. 1979. *Kroniek van klip en ster*. Kaapstad: Academica.
- Ohlhoff, H. 1985. *Hoofbenaderings in die literatuurstudie*. In: Cloete, T.T., Botha, Elize en Malan, Charles (reds.). *Gids by die literatuurstudie*, Pretoria: HAUM-Literêr, pp. 31–64.
- Schoonees, P.C. 1970. *Woordeboek van die Afrikaanse taal, Eerste deel A – C*. Pretoria: Staatsdrukker.
- Viljoen, H. 1986. 'Vakansiebrief' – 'n dekonstruksie-/dekonstruktiewe lesing. *Tydskrif vir Literatuurwetenskap* 1(4):53–63.

Weststeijn, W.G. 1985. M.M. Bachtin: naar een nieuw humanisme. *De Gids* 148(8):686–692.

Sekondêre verwysings

Derrida, J. 1977. Signature event context. *Glyph* 1: 172–197.

Grové, A.P. 1974. Die lees van 'n gedig. In: Grové, A.P. *D.J. Opperman – dolosgooier van die woord*. Kaapstad: Tafelberg, pp. 292–295.

Broeiend oor 'Vakansiebrief': windneseier

Hein Viljoen

Ia van Zyl meen dat ek met my lesing van 'Vakansiebrief' by wyse van spreke 'n groot windeier gelê het. Boonop 'n windeier met vier enorme krake daarin.

Die eerste kraak is dat ek 'anti-dekonstruktief optree'. Ek het nogal gedink ek *perform* dekonstruktief glad nie sleg nie. Dat my lesing van 'Vakansiebrief' nie werklik 'n dekonstruksie van die gedig is nie, sal ek egter dadelik toegee. Ek het die moontlikhede van 'n dekonstruktiewe lesing (of dit gedoen kan word, of perspektiewe bied) ondersoek in die lig wat ek destyds gehad het; ek het die sentrum probeer verskuif.

Sy verwyf my verder dat ek, tipies dekonstruktivisties, my eie uitgangspunt ondermyn. Dit is die tweede kraak. Volgens haar is my uitgangspunt die tipies dekonstruktivistiese aanname dat tekste geen sluitende interpretasies het nie. Ek het dit nêrens gesê nie, maar dit beteken nie dat ek dit nie onderskryf nie. Hierdie uitgangspunt ondermyn ek nou, meen sy, deur 'n patroon aan die teks op te dring, 'n sluitende interpretasie te lewer.

Die beginsel dat tekste geen sluitende interpretasie het nie, verhoed die interpreteerder natuurlik nog nie om sluitende interpretasies te maak nie. Hy kan miskien nouliks anders in die lig van die *state of the art* en die leser se hebbelikheid om *Gestalts* te vorm. Die feit dat ek en Van Zyl van dieselfde gedig twee gans verskillende interpretasies maak, ondersteun die beginsel dat 'n teks nie net een (sluitende) interpretasie het nie.

As my interpretasie egter nie werklik 'n dekonstruksie is nie, kan ek mos nie my uitgangspunt dekonstrueer nie. Daardie kraak is dus nie 'n kraak nie.

Sy vind ook 'n derde kraak: my lesing is stukturalisties omdat ek 'n bewuste patroon blootlê en nie 'n onbewuste een nie. Uit my opmerking dat die digter met 'n kunsgreep en die suggestie van 'n wending dood en lewe omkeer (p. 63), lei sy af 'dat die digter doelbewus dekonstruktief te werk gaan'. Hierdie afleiding is logies vals. Die digter kon dit net sowel onbewus gedoen het. Dit is dus Van Zyl se kraak, dié.

Bowendien soek die Strukturaliste, soos ek dit verstaan, ook steeds na

onbewuste patrone: die *langue* agter die *parole*, die sisteem agter die manifestasies, die model agter die werklikheid.

As my lesing 'n strukturalistiese lesing is, kan ek ook nie sien waarom ek dan van nihilisme en niksseggenheid verwyte moet word nie. Van Zyl kan my nie in een asem verwyte dat ek anti-dekonstruktief te werk gaan en dan nog die (vir haar) funeste gevolge van dekonstruksie in die skoene skuif nie. Die gevolgtrekking is duidelik: my lesing is nie 'n dekonstruktiewe lesing nie en hy is dit ook. Omdat so 'n lesing leeg, niet, niksseggend, nihilisties, kortom, 'n windeier is, kan ek daarin enigiets kwytmaak. Dit was dus nie nodig vir die skryfster om haar daarvoor te vererg nie. Natuurlik kan 'n windeier ook nie meer of minder of selfs nie-adekwaat wees nie. Dit kan ook nie krake hê nie. Die eiertjie wat sy lê, het dus 'n baie groot kraak.

Maar daar is meer. Hoe is dit bv. moontlik dat ek my eie patroon op die gedig afdwing en dié patroon tegelykertyd weerspreek? Ek het eerder probeer om deurgaans van die patroon bewus te bly en ek sê ook telkens waar die patroon waarmee ek op daardie bepaalde punt in die leesproses besig is, nie pas nie. Dit is vier opeenvolgende lesings waaruit o.a. duidelik blyk dat geen patroon werklik adekwaat is nie. My sorgvuldig geproduseerde windeier (met sy krake en al) wil Van Zyl by wyse van spreke met 'n voorhamer regdoek.

Nog 'n kraak in haar artikel is haar stellige verwerping van my uitleg van *kras*. Sy noem dit 'vergesog'. Sy sou dit maklik in *HAT* kon gaan kontroleer het:

'II ww. 1. Krasse maak . . . 2. Die geluid maak van 'n skerp voorwerp wat oor 'n harde oppervlak skraap: Die vyl kras oor die saag . . . 3. 'n Skerp, onaangename geluid maak, soos party voëls: Kraaie wat kras. 4. Deur te kras, laat ontstaan: Jou naam op 'n klip kras.' (Odendal, 1981).

Dit is by die lees van *HAT* dat ek eers besef het dat kras ook 'n skryfbeeld is. En ek glo nie dis vergesog om kras oorspronklik as 'n onomatopoeë te beskou nie.

Dit is egter Van Zyl se alternatiewe lesing wat duidelik uitwys dat sy nie 'n vrugbare eier nie, maar 'n neseier geproduseer het. Durf sy regtig beweer dat 'n parafrase van die gedig (weliswaar met 'n gedoe van seemanalise) 'n adekwate lesing daarvan is? En bowendien wetenskaplik is? Dit is mos die norme waaraan sy haar lesing gemeet wil hê.

As ek Greimas reg verstaan, word seme vasgestel uit binêre opposisies en nie na die willekeur van die ondersoeker of bloot deur die hele gedig in kolomme te gaan oorskryf met 'n bietjie kommentaar daarby nie. Dan is ons op die vlak waar elkeen sy *pet (petty) ideas* in die gedig vergestalt sien: ek lees dit as 'n worsteling om te kan skryf en Van Zyl as 'n redelik niksseggende ou gediggie oor 'n rustige vakansie. As mens die klasse seme net groot genoeg en heterogeen genoeg maak, is enigiets moontlik. Dan kan jy die geykte teenstelling tussen stad en natuur, lewend en nie-lewend daarin sien. Ek betoog in my tweede lesing juis dat dit 'n oorvereenvoudiging is.

'Behorende tot die natuur' is ook nie dieselfde as 'lewend' nie. Vars spore en kuttels behoort miskien nog tot die natuur, maar is beslis nie lewend nie.

Ek wys in my tweede lesing op die dubbelsinnigheid van *eiers* en op die assosiasie wat daar tussen *eiers* en *glas, sink, beton* geskep word.

Ek kan ook so 'n sg. seemanalise maak, en juis van dié klasseem wat Van Zyl absoluut nie kan raaksien nie. M.i. word *verdwyn* deur die tipografie vooropgestel. Dit vorm dus die semantiese kruks van dié vers. (Dit kan jy nie raaksien as jou metode parafrase is nie.):

KLASSEEM	SEME	OPMERKINGS
[dood, verganklikheid]	my dae verdwyn stiltes fossiel muf die wange weggesak stad: glas, sink, beton	tradisionele topos van verganklikheid teken van almal se lot ouderdom

As mens twee seemanalises moet maak, hoekom dan by twee ophou? Dan is nog een en nog een en nog een moontlik. En dan gaan die dekonstruktiewe afgrond weer voor jou oop...

Van Zyl het wel gelyk dat die besig-wees met afwesige dinge (d.w.s. dinge wat nie letterlik in die, weliswaar fiktiewe, uitingskonteks teenwoordig is nie) nie noodwendig met afwesigheid aan die self gepaard gaan nie. Ek het ook die teenstelling tussen teenwoordigheid en afwesigheid en die omkering daarvan te sterk geponeer en nie Derrida se weiering om aan enigeen van die twee voorkeur te gee, voldoende erken nie. Ek het egter 'n hele paar keer daarop gewys dat die dinge in die gedig nie enkelvoudig teenwoordig of afwesig is nie. As die gedig fiktief is, wat is 'werklik' teenwoordig?

Ek moet ook toegee dat *broei* dui op teenwoordigheid van die self. Dat dieselfde geld vir *raak ek ... verstrooid*, is ek nie so seker van nie. Dit is tog 'n geekte metafoor met 'n 'letterlike' betekenis van uitmekaargedryf, versprei wees (*HAT*). *HAT* gee by *verstrooid* trouens 'afgetrokke, afwesig met die gedagtes'. Dat die spreker in die gedig hom afkeer van dinge hier en nou teenwoordig en wend na dinge hier en nou afwesig, is m.i. egter 'n baie interessante tekseffek van hierdie gedig. Dat die *ou meid* deel word van die 'Ewige Teenwoordigheid' is moontlik waar, maar dan is dit heeltemal 'n ander Teenwoordigheid as die struktuur van *s'entendre parler* wat ek hier in gedagte het. 'n Mens sou met eweveel reg kon sê sy word deel van die groot afwesigheid, die pendant van die stilte van die eerste strofe. Dit is juis hierdie groot afwesigheid wat Opperman in gedig na gedig probeer vaspen, maar hom altyd bring tot op die rand van 'n ewigdurende regressie.

Ek dink trouens dat die gedig ook aandui dat die dinge wat in die uitings-

konteks met die vinger aangewys kan word, nie dit is waaroor die maklikste geskryf kan word nie. Betekenis word uitgestel, uitgesaai, verstrooi, gedissemineer. Ek het aan die einde ook geskryf dat die gedig sy gesag ontleen aan sy ontkenning van homself as natuurgedig.

Dit is opvallend hoe skraal die natuur hier is. Die volle rykdom van die natuur word tot enkele kategorieë gereduseer. As dit inderdaad aan die einde gebeur dat die stad leesbaar word en die nie-kan-skryf besweer word, gebeur dit ook kragtens 'n groot reduksie. Net deur die ganse rykdom van die stad deur die krag van sinekdogee tot 'glas, sink, beton' te reduceer, kan dit 'gerym' word. En dan, soos ek in my artikel reeds gesê het, veelseggend genoeg met 'stom'.

Van Zyl het wel gelyk dat die slot (ook) dood en leweloosheid suggereer (dit sê ek aan die einde van my derde lesing), maar dan nie omdat die natuur so danig vrugbaar of die stad so danig doods is nie.

Wat is dus uiteindelik die vrugbaarste: my windeier, met krake en al of Van Zyl se gekraakte neseier? Laat die leser daarvoor arbiter speel.

Verwysing

Odendal, F.F. *et al.* 1981. *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT)*. Johannesburg: Perskor.

Repliek op Hein Viljoen se antwoord

la van Zyl

Ek gaan my in my repliek op Hein Viljoen se antwoord nie met eiers en dinge besig hou nie. Ek gaan egter probeer om so wetenskaplik moontlik op sy nogal uitgesponne metaforiek te reageer. Ek beantwoord sy stellings volgens sy paragraaf-verdeling, hieronder genommer.

1. Viljoen skryf 'n mening aan my toe. Dit is sy goeie reg. Dit is egter nie die mening wat ek uitgespreek het nie.
2. Viljoen gee toe dat sy lesing van 'Vakanseibrief' nie dekonstruktief is nie. Waaroor redeneer ons dan nog! Dit is al wat ek probeer bewys het. Die titel van sy artikel is dus foutief.
3. Dekonstruksie-kritiek ontken dat daar woorde soos 'dekonstruktivisties' bestaan. Ek verwys Viljoen na sy bronne. Hy het wel nêrens gesê dat hy van mening is dat 'n gedig geen sluitende interpretasie het nie. Dit was nie nodig nie. Sy raamwerk – die dekonstruksie – sê dit.
4. 'Die beginsel dat tekste geen sluitende interpretasie het nie, verhoed die

interpreteerder natuurlik nog nie om sluitende interpretasie te maak nie.' Hier laat my begrip van òf Afrikaans òf die logika my in die steek. Ons *verskillende* interpretasies ondersteun m.i. *nie die* beginsel dat 'n teks nie net een (sluitende) interpretasie het nie. Ek het dit op 'n wetenskaplike manier probeer bewys dat Viljoen se interpretasie *nie* sluit nie. Daar kan natuurlik honderde interpretasies van gedigte wees, waarvan sommige adekwaat kan wees en ander nie-adekwaat.

5. Ek begryp nie Viljoen se logika nie. Sy interpretasie is nie 'n dekonstruksie van die gedig nie. Dit is *wel* 'n *onbeplande* dekonstruksie van sy eie uitgangspunt – die dekonstruksie, soos aangetoon deur my dekonstruksie van sy artikel.
6. As dit valse logika is dat 'n 'kunsgreep' 'n doelbewuste proses is, verstaan ek weer eens òf Afrikaans òf die logika nie. Hoe 'n mens *onbewus* 'n kunsgreep kan bewerkstellig, gaan my verstand te bowe.
7. Viljoen sê dit soos *hy* dit verstaan. Ek verstaan dit nie so nie.
8. Ek het Viljoen nie sy 'nihilisme en niksseggenheid verwyf' nie. Ek het gesê die dekonstruksie 'is in wese nihilisties van aard'. Die 'funeste gevolge' (waarvan Viljoen praat) spruit uit die feit dat hy die strukturalisme en die dekonstruksie met mekaar verwar het en toe nie een van die twee behoorlik toegepas het nie. Sy lesing is (weer eens) *nie* 'n dekonstruksie van die gedig nie (vgl. my gebruik van aanhalingstekens om dit aan te dui), maar *wel* 'n dekonstruksie van sy eie uitgangspunt. Werklike dekonstruksies is nie *niksseggend* nie, en niemand het beweer dat die dekonstruksiekritikus 'enigiets' kan sê nie. Die nihilisme sê wel deeglik *iets*. As ek my vererg het, soos Viljoen beweer (het ek?), dan het ek seker die reg daartoe gehad omdat waardevolle spasio in oorvol tydskrifte nie aan nie-adekwate lesings gewy behoort te word nie.
9. Dit is juis wat die werklike dekonstruksie probeer bewys – dat 'n skrywer sy eie *doelbewus* opgestelde patroon *onbewus kan* ondermyn. Ek verwys Viljoen na sy bronne. As 'n interpreteerder aantoon dat hy geen werklike patroon in 'n gedig kan vind nie, kom dit nog nie neer op 'n dekonstruksie van die gedig nie – 'n dekonstruksie wil bewys dat 'n gedig *homself onbewus* weerspreek.
10. Ek is bewus van al die *HAT*-betekennisse van *kras*. Die uitgangspunt van die seemanalise is juis dat nie alle woordeboekbetekennisse in 'n bepaalde konteks ter sprake is nie. Derhalwe word 'n verskil gemaak tussen lekseme en sememe.
11. My kommentariërende parafrase is *nie* 'n parafrase van die gedig nie. Dit verduidelik wel *my seemanalise*. Die uitgangspunt is dat nie alle lesers wat nie met die metode vertrou is dit sonder verduideliking kan snap nie. Die seemanalise kan (vir ingewyde lesers) ook *sonder* die parafrase bestaan. Normaalweg word die parafrase *nie* bygevoeg nie. Ek het Shulte-Sasse en Werner (1977:79–82) hierin gevolg.
12. My seemanalise werk *wél* met binêre opposisies: lewend teenoor sonder lewe, ens. My kommentariërende parafrase was juis daarop gemik om dit

vir *elke* leser duidelik te maak dat my seemanalises *nie* tot stand gekom het 'bloot deur die hele gedig in kolomme te gaan oorskryf met 'n bietjie kommentaar daarby nie'. Dit lyk dus tóg of die parafrase nodig was. As Viljoen meen dat ek 'Vakansiebrief' verstaan as "n niksseggende ou gediggie oor 'n rustige vakansie', het hy sowel die strekking van my artikel as my seemanalises nie-adekwaat geïnterpreteer. In die seemanalise is juis *nie* enigiets moontlik nie. Ek verwys Viljoen na Greimas.

13. Ek het 'behorende tot die natuur' en 'lewend' aangebied as alternatiewe (wat baie na aan mekaar lê), nie as sinonieme nie. 'Vars spore' en 'kuttels' is wel nie lewend nie, maar hulle suggereer lewe. 'n Mens kan dus sê dat hulle die seem [+ lewend] bevat.
14. Viljoen beweer ek kan 'absoluut' nie die klasseem *dood* of *verganklikheid* raaksien nie. Hoe verskil my klasseme [sonder lewe] of [-lewe] (minus lewe) van sy klasseem [dood]? My *metode* is nie parafrase, soos Viljoen beweer nie. My metode is die seemanalise, wat gegrond is op die vind van klasseme. Verder: Ek stel wel 'gebrek aan kreatiewe lewe' voorop in my lesing. Die interpretasie van my seemanalises (wat onderaan die seemanalises verskyn) dui aan dat die gedig hierop uitloop. Viljoen se 'sg. seemanalise' is geen werklike seemanalise nie – om verskeie redes. Eerstens: die woorde wat by hom in die tweede kolom verskyn, is nie seme – soos hy hulle noem nie – maar sememe, d.w.s. woorde soos hulle in die konteks van die gedig verskyn. Tweedens: 'n seemanalise kan nie net van 'n geselekteerde groep sememe verslag doen nie. Dit moet juis *alle* semanties belangrike sememe betrek. Viljoen se 'sg. seemanalise' laat meer as die helfte van die belangrike sememe in die gedig buite rekening. Ek stem nie saam dat die woord 'verdwyn' tipografies vooropgestel word nie. Weens die feit dat die vers waarin dit verskyn, enjambeer na die volgende vers, word dit juis verdoesel. Die woord wat deur die strofevorm vooropgestel word (deur die feit dat die enjambement daarop uitloop en deurdát dit deur 'n pouse gevolg word) is 'stiltes', wat m.i. eerder op rustigheid dui. Ek kan dus nie sien hoe Viljoen die woord 'verdwyn' as die 'semantiese kruks' van die gedig kan beskou nie. (Ek neem aan die woord 'vers' word as 'gedig' gebruik en nie as 'strofe', wat foutief sou wees nie). Viljoen se analise probeer ook nie die belangrike woord 'maar', wat m.i. eerder deur die tipografie beklemtoon word, verklaar nie. Hierdie woord vorm m.i. die semantiese kruks van die gedig.
15. Ek het twee seemanalises gedoen om aan te toon dat, hoewel verskillende seemanalises moontlik is (geen twee lesers se formulering kan uit die aard van die saak presies eenders wees nie), hulle, as hulle wetenskaplik uitgevoer word, tot *dieselfde* basiese interpretasie lei. Daar is dus geen sprake van 'dekonstruktiewe afgrond(e)' nie.
16. Geen kommentaar nie.
17. Ek meen my seemanalises kom ook uit by wat Viljoen noem 'die groot afwesigheid'. Die spreker se kontak met die natuur is van korte duur. Hy

moet weer terug na die steriliteit van die stad. Die gedig loop uit op sy afwesigheid van die natuur.

18. Ek beskou ook nie die gedig as 'natuurgedig' nie. Juis *nie*.
19. Die feit dat die 'volle rykdom van die natuur (. . .) tot enkele kategorieë gereduseer word', beteken tog seker nie dat die natuur hier 'skraal' is nie. Die enkele kategorieë is hier gelaai met lewe van die hede, die verlede en selfs ook die toekoms.
- 20 en 21. Geen kommentaar nie.